Posbus 72353, Lynnwoodrif, 0040
Tel: 012 809 0029
E-pos: admin@tygies.co.za
www.tygies.co.za

Tygieland Kleuterskool

*Waar kinders nog kind kan wees!*

# ALGEMENE INLIGTINGSTUK VIR 2026

**VISIE**
'n Skool met karakter
'n Skool wat 'n verskil maak
Trots Tygieland

**MISSIE**
Om elke kind se uniekheid en karakter te (er)ken, te vorm en te bou.
Om verhoudings te bou, geleenthede te bied en boustene te lê vir elke kind se pad wat wag.

**WAARDES**
Verantwoordelik
Respek
Trots
Eerlik
Omgee
Dankbaarheid

## TYGIELAND-PERSONEEL

By Tygieland beskik al die graad RR- en R-onderwysers, asook die skool se bestuurshoof, oor universiteitsgrade van vier jaar in Vroeë Kinderontwikkeling (VKO). Sommige van die onderwysers het verder ook nagraadse kwalifikasies, insluitend honneursgrade en diplomas in Remediërende Onderwys.

Ons onderwysers woon gereeld kursusse en werkswinkels by om voortdurend op hoogte te bly van die jongste navorsing en onderrigbenaderings in die VKO-fase.
Tygieland spog met vier graad RR-klasse en ses graad R-klasse, wat elkeen met sorg en kundigheid deur ervare onderwysers begelei word.

**Tygieland-bestuurshoof**: Mev. Hannetjie Rossouw

| Onderwysers | Graad | Klas |
|---|---|---|
| Mev. Charné Badenhorst | RR/G | Beertjie |
| Mev. Riëtte van Schalkwyk | RR/L | Panda |
| Mev. Carmien Gertenbach | RR/T | Renoster |
| Mev. Corlie Kirton | RR/S | Pikkewyntjie |
| Mev. Hester Wagner | R/G | Kameelperd |
| Mev. Chrisna Herbst | R/K | Skapie |
| Mev. Charmaine Engelbrecht | R/P | Uiltjie |
| Mev. Elca Brown | R/S | Bytjie |
| Mev. Relandi Bloomberg | R/T | Jakkals |
| Mev. Naomi van Niekerk | R/Y | Leeutjie |

| | |
|---|---|
| **Tuinwerker** | Hendrick Mathabatha |
| **Sekuriteitswag** | Ananias Magoeli |
| **Kombuis en badkamers** | Sophy Kekana |

## 1. SKOOLGEREEDHEID EN DIE KURRIKULUM

Graad R (die Resepsie-jaar) is nie ’n afgewaterde weergawe van graad 1 nie, maar eerder ’n belangrike oorbruggingsjaar tussen die speelse wêreld van kindwees en die begin van die meer onafhanklike en gedissiplineerde skoollewe. Die aard en benadering van ’n kleuterskool en ’n laerskool behoort doelbewus te verskil, sodat elkeen die kind optimaal kan ondersteun in sy of haar ontwikkelingsfase.

### 1.1 Wat behels skoolgereedheid?

Skoolgereedheid dui daarop dat ’n kind gereed is vir abstrakte en simboliese leer, wat gewoonlik met die ouderdom tussen ses en sewe jaar geassosieer word.

Skoolgereedheid bestaan uit vier belangrike vlakke van ontwikkeling, naamlik:

- Fisieke gereedheid
- Emosionele gereedheid
- Kognitiewe gereedheid
- Sosiale gereedheid

Vier rolspelers speel ’n deurslaggewende rol op die pad na skoolgereedheid:

- Die ouers
- Die kind
- Die skool
- Die onderwyser

Aanbevole leesstof oor skoolgereedheid:
*Leergereed – skoolgereed: ’n Praktiese gids vir ouers en versorgers*
Geskryf deur Dr. Melodie de Jager

### 1.2 Die kurrikulum

Die kurrikulum wat by Tygieland Kleuterskool gevolg word, is deur die Departement van Onderwys voorgeskryf. Hierdie leerprogram (KAF) word verryk en uitgebrei, om die leerders verder te stimuleer.

Die **leerprogram** bestaan uit drie vakke naamlik:

- Afrikaans (Huistaal)
- Wiskunde
- Lewensvaardighede

Temas uit die leerders se leefwêreld word deur die jaar gedoen en al die vereiste vaardighede word op ’n speelse dog doeltreffende manier aangeleer. Die skoolgereedheidprogram behels onderwysgerigte leer, konstruktiewe spel, vryspel, ‘n perseptuele program en ‘n liggaamlike ontwikkelingsprogram.  Leerders leer nie in hul graad R-jaar formeel lees en skryf nie. Slegs klankherkenning van sekere letters en aanvangslees maak deel uit van die leerprogram. Leerders word voorberei vir die Japtrap-leesmetode wat in graad 1 gebruik word. Ouers word aanbeveel om nie te poog om self hul kind te leer lees nie. Die aanleer van 'n verkeerde lees- en skryfmetode doen meer skade as goed. Verkeerde skryfmetodes is baie moeiliker om af te leer as om die regte metode aan te leer. Spaar u kind en die personeel hierdie moeite!

Leerders leer die belangrike vaardighede aan wat nodig is ter voorbereiding vir die leerproses van lees en skryf. Daar is baie uiteenlopende menings hieroor, maar navorsing en die praktyk het bewys dat kinders van hierdie ouderdom se breinontwikkeling nog nie heeltemal gereed is vir aanleer van bogenoemde vaardighede nie, alhoewel dit ingeoefen kan word. Verder is daar menige boustene wat in plek moet wees alvorens ‘n kind gereed is om te leer lees en skryf. Tyd is baie kosbaar op hierdie ouderdom, daarom word dit optimaal bestee om noodsaaklike boustene in plek te kry, wat goeie resultate sal lewer. Die fokus is op die skoolgereedheid-proses van elke leerder in geheel. Samesang word elke tweede week aangebied, waartydens geestelike liedjies aangeleer en gesing word. Die samesang word afgesluit met Tygieland se eie skoollied.

### 1.3 Liggaamlike ontwikkelingsprogram

Die LO-program wat groot motoriese ontwikkeling en balvaardighede bevorder word weekliks in skooltyd aangebied.

**1.4 Tygieland-dagprogram**

Die dagprogram word deur die Departement van Onderwys voorgeskryf.

| DAGPROGRAM: GRAAD RR EN -R | |
|---|---|
| **TYD** | **AKTIWITEIT** |
| 06:45 – 07:45 | Aankoms en vryspel binne |
| 07:45 – 08:20 | Kring op die mat: Verwelkoming, Bybelles, verjaarsdae, register, nuus en die weer-kaart |
| 08:20 – 08:55 | Onderwyser-gefasiliteerde aktiwiteite: Afrikaans, Wiskunde en Lewensvaardighede |
| 08:55 – 09:00 | Toiletroetine |
| 09:00 – 09:15 | Verversings (broodjietyd) |
| 09:15 – 09:45 | Vryspel buite |
| 09:45 – 10:00 | Onderwyser-gefasiliteerde aktiwiteite: Afrikaans, Wiskunde en Lewensvaardighede |
| 10:00 – 10:50 | Skeppende- en vaardigheidsaktiwiteite: Hoofaktiwiteit en twee by-aktiwiteite en vry-spel |
| 10:50 – 11:00 | Opruimtyd in die klas |
| 11:00 – 11:45 | Vryspel buite |
| 11:45 – 12:00 | Opruimtyd buite |
| 12:00 – 12:20 | Onderwyser-gefasiliteerde aktiwiteite: Afrikaans, Wiskunde en Lewensvaardighede |
| 12:20 – 12:25 | Tasse pak |
| 13:00 – 13:30 | Vertrektyd |

**1.5 Verslae en assessering**

Al die leerders word deurlopend individueel waargeneem om seker te maak dat die nodige vaardighede aangeleer word en dat enige uitvalle, agterstande en leerprobleme betyds aandag kan geniet.

In die Vroeë Kinderontwikkelingsfase word informele en deurlopende assessering en waarneming gedoen. Dit wil sê dat leerders nie soos in die Grondslagfase op formele skriftelike werk geassesseer word nie. Die uitkomste en vaardighede wat bereik moet word, is kinesteties van aard.

Vier verslae word deur die jaar aan die einde van elke kwartaal uitgegee. Die leerders het elk ŉ waarnemingslêer waarin verslae uitgegee en gebêre word. Tygieland het nie formele oueraande nie, maar ouers is welkom om per afspraak bekommernisse of probleme met die onderwyseres te bespreek indien u dit so sou verkies. Probleme en uitvalle wat by leerders waargeneem word, sal so gou moontlik deur die onderwyser met u bespreek word. Goeie kommunikasie tussen die onderwyser en die ouers is vir ons van kardinale belang. Een week word aan die einde van elke kwartaal opsygesit vir intense waarneming en assessering om te verseker dat leerders die geleentheid kry om hul ware potensiaal weer te gee. ‘n Assesseringslys word gedurende elke kwartaal aan die ouers gegee om u in kennis te stel van wat die kwartaal geassesseer gaan word. Ouers kan dan by die huis help met oefening en vaslegging van vaardighede.

**1.6 Aankomstyd**

- Leerders kan vanaf 06:45 in die oggend by die skool afgelaai word.
- Die **dagprogram begin stiptelik om 08:00**. Al die leerders moet reeds om **07:45** by die skool wees. Dit is baie belangrik dat die leerders betyds sal wees om te voorkom dat hulle angstig voel omdat hulle laat is.
- Die assistente/studente sal die leerders by die ingangshekke verwelkom en die personeel sal die leerders in die klasse ontvang. Ouers kan slegs vanaf **14-16 Januarie** die leerders tot by hulle klasse vergesel.
- Die leerders bêre hulle tasse in hul tasrakkies wat met hul naam en ‘n simbooltjie gemerk is.
- Daar sal aktiwiteite vir die leerders wees om met aankomstyd te doen.
- **Alle leerders** word in die **oggend** by die **hoofingang afgelaai**.

### 1.7 <u>Verdaagtyd</u>

- **Wagklas by Tygieland:**
  - Wagklas is vanaf **13:15 – 13:50: Maandag tot Donderdag** (Op die voorste terrein by die fietsiebaan)
  - **DAAR IS GEEN WAGKLAS OP VRYDAE NIE.**
  - Die wagklas is **SLEGS** vir die leerders wat wag vir ouer boeties en sussies wat in die laerskool is.
- **Leerders van die laerskool word NOOIT op die Tygieland-terrein toegelaat nie.**
- Die verskillende klasse word in die middag op verskillende tye by die onderskeie hekke opgelaai:

| GRAAD RR (HOOFINGANG) | | GRAAD R (GRAAD R-HEK) | |
|---|---|---|---|
| **TYDGLEUF** | **KLASSE** | **TYDGLEUF** | **KLASSE** |
| 13:00 – 13:15 | Beertjie (RR/G)<br>Panda (RR/L)<br>Pikkewyntjie (RR/S)<br>Renoster (RR/T) | 13:00 – 13:15 | Kameelperd (R/G)<br>Skapie (R/K)<br>Uiltjie (R/P)<br>Bytjie (R/S)<br>Jakkals (R/T)<br>Leeutjie (R/Y) |

- Die **ouers wag** in die **middag buite die terrein** by die **hekke**.
- Die personeel sal in die middae saam met hulle leerders op die terrein wag waar ouers die leerders by die hekke kan afhaal.
- Die klasjuffrou staan by die hek en roep die leerders wie se ouers daar is.
- Maak asb. seker u weet watter tyd u kind afgehaal moet word.

Indien iemand anders u kind kom afhaal moet dit vooraf met die onderwyseres gereël word. Die skool kan geskakel word en ŉ boodskap kan by die kantoor gelaat word. Leerders mag slegs vroeër afgehaal word, indien dit **per e-pos** (hrossouw@tygies.co.za) met die Tygieland-bestuurshoof asook die klasjuffrou gereël is. Hierdie leerders moet dan eers by die sekuriteits-wag uitgeteken word alvorens hul geneem mag word. Leerders mag nie onnodig vroeg afge-haal word nie.

Personeel is na skool betrokke by buitemuurse aktiwiteite. Ons versoek dat leerders niks later as **13:30** afgehaal sal word nie. Leerders wat teen **13:30** nog nie afgehaal is nie en ook nie by die Tygieland-naskool ingeskryf is nie sal by die Tygieland-naskool inskakel. Ouers sal die **dagfooi** van **R150** vir die betrokke dag moet betaal.

## 2. TOEGANG TOT DIE TERREIN

- Ouers word 14-16 Januarie 2026 toegelaat om saam met die leerders tot by die klas te stap. Hierna word ouers slegs op afspraak op die terrein toegelaat. Hierdie reëling is in plek ter wille van die veiligheid van die leerders.
- Gedurende skoolure (08:00 – 13:00) kan slegs die hoofingang gebruik word vir toegang by Tygieland. Besoekers en leerders wat laat kom moet by die sekuriteitswag inteken en weer uitteken.

## 3. KLASREËLS

- Elke klas se juffrou bepaal haar eie klasreëls en is die bestuurder van haar klas. Hierdie reëls is onderhewig aan die goedkeuring van die bestuur van die skool.
- Leerders mag GEEN speelgoed van die huis af skool toe bring nie.
- Indien u verjaarsdagpakkies **OF** koek saamstuur, verpak dit asb. en stuur ŉ maklik hanteerbare koek soos ŉ pankoek of kolwyntjies. Ons wil graag die klaspartytjies so eenvoudig moontlik hou, daarom wil ons vra dat u nie te veel lekkernye stuur nie.
- Daar moet vooraf met die onderwyser ‘n dag gereël word wat die lekkernye skool toe gestuur gaan word.

## 4. ONDERHOUDE MET OUERS

Wanneer u u kind se onderwyser wil spreek, is u welkom om 'n afspraak vir 'n middag na skool te maak. Geen onderhoude kan ongelukkig vir die oggend gereël word nie, omdat onderrigtyd nie afgestaan kan word nie. Die leerders verdien ook in klastyd sowel as aankomstyd die onderwyser se volle aandag. As u sou ondervind dat daar probleme is wat u en die onderwyser nie kan oplos nie, moet die volgende prosedure streng gevolg word: U kan versoek dat u kind se juffrou vir u 'n afspraak by die Tygieland-bestuurshoof maak. Hierdie prosedure word deur die skoolbeleid bepaal. U is ook welkom om 'n e-pos stuur.

**Ouers** word in die **oggend slegs toegelaat** om hulle **leerders af te sien**. GEEN ouer sal toegelaat word om enige sake met aankoms- of vertrektyd met personeel te bespreek nie.

## 5. TYGIELAND-NASKOOL

Die naskoolsentrum word deur die Tygieland-bestuurshoof in samewerking met mev. Corli Kirton en die Tygieland-personeel bestuur.

### 5.1 Wat bied die Tygieland-naskool u kind?

- 'n Bekende omgewing met genoeg speelapparaat en speelgoed wat die leerders se ontwikkeling stimuleer.
- 'n Veilige terrein met toegangsbeheer.
- Die Tygieland-personeel wat vir u kind bekend is, is in beheer van die naskool en doen ook die toesig.
- Daar is altyd vier volwassenes aan diens by die naskool.
- Die Tygieland-naskool is uitsluitlik vir graad RR- en R-leerders, sodat dié leerders nie saam met leerders speel wat heelwat ouer as hulle is nie.
- Gesonde middagete en laatmiddag 'n versnapering en koeldrank.
- Naskool-ure is vanaf 13:15 tot 17:30.
- 'n Vakansieprogram word aangebied vir die vakansies van Maart/April, Junie/Julie en Oktober. Hierdie program word gratis aangebied vir leerders wat by die naskool geregistreer is. Leerders van Tygieland wat nie by die naskool geregistreer is nie, mag ook die vakansieprogram bywoon teen R165 per dag.

### 5.2 Dagprogram van die naskool

- Leerders bly met vertrektyd by hul klasjuffrou in die klas.
- Leerders word deur die personeel na die naskool geneem. Register word vanaf 13:30 geneem.
- **Laat weet u kind se klasjuffrou voor 08:00, indien u kind nie die naskool gaan bywoon nie.**

| TYD | AKTIWITEIT |
|---|---|
| 13:15 – 13:30 | Middagete (die naskoolleerders eet in hul onderskeie klasse) |
| 13:45 – 14:45 | Rustyd: Die leerders lê op matrassies en luister na stories of musiek (verpligtend) |
| 14:45 – 17:00 | Georganiseerde aktiwiteite bv. speletjies, kreatiewe aktiwiteite en vryspel buite |
| 16:50 | Opruimtyd |
| 17:30 | Naskool sluit |

### 5.3 Naskooltye

- Die naskoolsentrum sal van Maandag tot Vrydag, tydens skoolkwartale vanaf **13:15 tot 17:30** oop wees.
- Die naskool is gesluit op publieke vakansiedae.
- Vir enige **navrae** ten opsigte van die Tygieland-naskoolsentrum, kan u gerus die volgende persone kontak.

**Tygieland-bestuurshoof:** Mev. Hannetjie Rossouw
012 809 0029 (skoolnommer)
hrossouw@tygies.co.za

**Inskrywings en rekeninge:** Mev. Marisa le Roux
012 809 0029
skoolgeld@tygies.co.za

## 6. TYGIELAND-PAKKETFOOI

Hierdie fooi van **R1200** per leerder is tot en met **einde Januarie 2025** betaalbaar.

**Hierdie bedrag sluit die volgende kostes in:**

- Bak-en-broufooi vir die jaar
- Instappies vir die jaar (een instappie per kwartaal)
- Alle skoolbenodigdhede vir die jaar
- ʼn Snoepiebeursie
- 1 possak vir briewe
- Tas naamkaartjie
- Diplomaplegtigheidfoto (vir gr. R)

**Geen benodigdhedepakket** word vir die **Tygieland-leerders aangekoop** nie. Al die klas-benodigdhede word uit hierdie fonds vir elke klas aangekoop. Die skryfbehoeftes word klassikaal gebruik.

## 7. KOSPAKKIES

Ons versoek dat leerders **GESONDE** kospakkies skool toe bring, wat byvoorbeeld kan bestaan uit ʼn broodjie, vrugte, groente en ʼn vrugtesap. Daarbenewens word ook biltong, ontbytstafies, ʼn kasie, joghurt en soutkoekies toegelaat. Elke leerder moet daagliks ʼn bottel water saambring. Dit is van uiterste belang dat u elke dag vir u kind ʼn gesonde kospakkie inpak.

**Geen lekkers, skyfies of energiedrankies word in kosblikke toegelaat nie.** Lekkernye kan konflik in die klas veroorsaak en beïnvloed leerders se konsentrasievermoë. Ons vra dat u asseblief by die reëls hou om te verhoed dat u kind die ongemak beleef dat lekkers by hom/haar afgeneem moet word.

## 8. SNOEPIE

Vrydae kan die leerders snoepie toe gaan tensy anders in die nuusbrief gereël word. ‘n Maksimum van R50 mag in die Tygieland-snoepiebeursies gebring word. Ouers moet die juffrou asb. in kennis stel as leerders Vrydae kos by die snoepie moet koop. Alternatiewelik kan ouers ook slegs op **VRYDAE** lekkergoed in die kosblikke pak as u nie snoepiegeld wil gee nie.

## 9. TYGIELAND-KLERE

### 9.1 <u>Graad RR</u>

- Enige gemaklike klere.
- Die graad RR-leerders moet ook elkeen een rooi Tygieland-hempie koop wat met geleenthede gedra word.

### 9.2 <u>Graad R</u>

- Die rooi Tygieland-hempies word Maandae, Woensdae en Vrydae gedra. Die oranje Tygieland-sporthempie word op Dinsdae en Donderdae gedra. Albei die hempies word saam met ‘n swart broekie of rompie gedra.
- Die leerders kan op die dag wat hulle verjaar gewone klere van hul keuse dra.
- Tydens instappies en sommige skoolgeleenthede moet al die leerders die rooi Tygieland T-hempie dra. Die sporthempie moet vir Tygieland-sport (tennis, netbal en hokkie) op Dinsdae en Donderdae gedra word.
- Klere en besittings moet **duidelik gemerk** wees. Personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir ongemerkte besittings nie.
- **Hou asb. by die voorgeskrewe drag.** Hierdie reël berei u leerder voor op die graad 1-jaar wanneer formele skooldrag gedra moet word. Ouers wat nie by die voorgeskrewe reëls hou nie, gee aan hul kinders die boodskap dat reëls verontagsaam mag word. Geen uitsonderings sal gemaak word nie, want skoolreëls is nie onderhandelbaar nie.

**NB:** Dit is baie belangrik dat daar altyd ʼn **ekstra stel klere** en **onderklere**, asook ʼn **warm baadjie** in u kind se tas sal wees.

**10. TYGIELAND-SKOOLTAS**

Elke leerder by Tygieland is verplig om 'n **Tygieland-skooltas by die klerewinkel** aan te koop. Die aankoop van die tas is verpligtend, omdat dit in die klasse se tasrakkies pas. Die tas sal ook tydens Nuwelingsdag beskikbaar wees.

**11. KLEREWINKEL**

Die klerewinkel is by die paviljoen agter die snoepie. Skakel

**12. TYGIELAND-MINISPORT (slegs graad R)**

Tygieland-personeel bied mininetbal (kwartaal 2), minihokkie (kwartaal 3) en minitennis (kwartaal 4) gratis aan. Leerders kan self besluit waaraan hul wil deelneem en deelname is nie verpligtend nie, maar word sterk aanbeveel.

Bulletjie-rugby (kwartaal 1 en -2) en minikrieket (kwartaal 3 en -4) word as ouergedrewe sport-aktiwiteite in die namiddag aangebied. Meer inligting oor die tye en reëlings aangaande die minisport sal later aan u in die Tygieland-nuusbrief gekommunikeer word. Die leerders ontvang aan die einde van die jaar 'n sertifikaat vir deelname aan minisport. Om vir hierdie sertifikaat te kwalifiseer, mag die leerders nie meer as drie keer 'n oefening mis nie.

Die **oranje Tygieland-sporthempie** moet op **sportdae** (**Dinsdae en Donderdae**) gedra word**.**

**13. TYGIELAND-KULTUUR**

**13.1 Tygieland-koor:**

Oudisies word vroeg in Februarie gehou. Slegs graad R-leerders mag in die koor sing.

**13.2 Kleutertalentdag:**

Die leerders dra 'n gediggie van hul keuse voor. Al die graad R-leerders neem aan hierdie geleentheid deel.

**13.3 Eisteddfod en kunswedstryd:**

Graad R-leerders word gekeur om in die voordragafdeling deel te neem.

**14. BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Die volgende buitemuurse aktiwiteite word in die middae by Tygieland teen 'n addisionele fooi aangebied:


| BUITEMUURSE AKTIWITEIT | SELFOONNOMMER / E-POS | ORGANISEERDERS |
|---|---|---|
| A+ Students (Wiskunde) | 082 861 3862 | Madelein Neethling |
| Ballet | 071 612 4886 | Mari Oberholzer |
| EQ4KIDS | 072 8327625 | Annemieke van der Merwe |
| Experi-Buddies | 082 852 1143 | Marile Rischmuller |
| Gimnastiek | 079 619 8683 | Magda Fouché |
| Hippity Hop (dansklasse) | 082 962 9898 | Liezel van der Merwe |
| Krieket-akademie | fkruger@tygies.co.za | Francois Kruger |
| Netball Ninjas Academy | 082 080 9246 | Elna van Rensburg |
| Playball | 082 927 4916 | Henk Roux |
| Pottebakkery | 083 739 8339 | Magda Barnard |
| RSD (rugby) | 073 474 4300 | Duval Smith |
| Super Somme | 082 457 7977 | Estelle van der Walt |
| Tennis (JL's Tennis Academy) | 082 466 3008 | Adriaan le Roux |
| Voortrekkers | 082 467 7332 | Erna Louw |
| Young Engineers | 082 525 4951 | Heloise Zwiegelaar |
| Little Readers | 082 926 6066 | Maricia Benade |

**Kontak** die **organiseerders** i.v.m. **registrasies** van bogenoemde vir **2026**.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE (vervolg)**
Ouers besluit self oordeelkundig aan watter aktiwiteite hul kind gaan deelneem. Al hierdie aktiwiteite word in die middag na skool by Tygieland aangebied. Meer inligting en inskrywings-vorms sal ook in Januarie 2026 beskikbaar wees. **Geen gelde vir buitemuurse aktiwiteite mag in die skool se rekening inbetaal word nie.** Personeel aanvaar ook nie gelde vir buitemuurse aktiwiteite nie. Hierdie gelde word in die betrokke buitemuurse persone se bank-rekening inbetaal. Bankbesonderhede is op die inskrywingsvorms beskikbaar. **Buitemuurse aktiwiteite is onderhewig aan verandering.**

## 15. VERKEER OM DIE SKOOL

Neem asb. kennis dat die verkeer om die skool 'n eenrigting is (sien onderstaande kaart). Die pad voor Tygieland is wel tweerigting tot en met die hek van Swartskaap Bistro.




## 16. INSTAPPIES

Daar word vier instappies per jaar gereël om ons leerders se leerervarings uit te brei. Daar is geen addisionele kostes aan hierdie instappies verbonde nie. Die instappies word deur die pakketfooi gedek.

## 17. NUUSBRIEWE

Wees 'n ingeligte ouer ter wille van u kind. Die **Tygieland-nuus** sowel as die laerskool se nuusbrief sal weekliks op Donderdae per e-pos en na die d6 Connect app, aan ouers gestuur word. Die nuusbriewe is ook op die skool se webblad beskikbaar. **Lees asseblief alle briewe sorgvuldig** deur tot aan die einde van die jaar en wees ingelig! **Weekliks word inligting deurgegee waarvan u bewus moet wees**. Dit ontstel die leerders as al die maats vir iets voorbereid is en hul mamma en pappa het vergeet of weet nie daarvan nie! Betrokkenheid laat leerders geborge voel en bou aan hul selfvertroue.

**Leerders** se **possakke** moet **elke dag** in die **tas** wees! Enige briewe en kunswerke word in die possak gebêre.

**18. TYGIELAND-MARKDAG**

Die Tygieland-markdag is Tygieland se grootste fondsinsamelingsprojek waar al die wins aan Tygieland geskenk word. Ouers maak of koop items wat dan met die hulp van die Tygieland-maats aan die laerskoolleerders verkoop word. Winste word gebruik om Tygieland-fasiliteite te verbeter. Geen lewende hawe mag verkoop of gebruik word nie.

**19. TYGIELAND-FUNKSIES**

ʼn Aantal funksies word deur die jaar met groot moeite aangebied. Dit word deeglik beplan tot voordeel van u kind se ontwikkeling. Maak van hierdie geleenthede gebruik om by u leerder se skoolloopbaan betrokke te raak. Ons glo ook dat ons funksies vir die leerders opvoedkundige waarde inhou en deel uitmaak van hul ontwikkeling en vorming.

**20. KLASKOÖRDINEERDERS**

In Januarie word daar vir elke klas ʼn koördineerder gekies. Een van hierdie mammas neem dan leiding by Tygieland saam met een van die Tygieland-personeel. Die pligte van hierdie koördineerders sluit onder andere die koördinering van hulp van ouers met die volgende geleenthede in:

- Fondsinsamelings
- Die klasjuffrou se verjaarsdag
- Die hoof van die laerskool se verjaarsdag
- Die Tygieland-bestuurshoof se verjaarsdag
- Tygieland-funksies
- Valentynsdag
- Lentedag
- Hemelvaartdag

Indien die klaskoördineerder u nader vir hulp sal ons dit opreg waardeer as u ons sal bystaan om die wa deur die drif te trek. Vele hande maak mos ligte werk!

**21. BOODSKAPPE AAN PERSONEEL**

Dit is beleid by die skool dat personeel se selfone gedurende skoolure slegs vir noodgevalle gebruik mag word. Ouers moet daarom nie gedurende skooltyd boodskappe na die personeel se selfone stuur nie. Daar is geen waarborg dat personeel hierdie boodskappe betyds sal kry nie. Boodskappe aan personeel kan tydens skoolure per e-pos of telefonies aan die Tygieland-bestuurshoof of aan die kantoor gestuur word.

**22. TYGIELAND KLEUTERSKOOL SOSIALE MEDIA**

Daar word gereeld pragtige foto's op sosiale media gelaai. Gaan volg ons gerus en geniet die mooi foto's van al die bedrywighede by Tygieland.

**23. NAVRAE**

Vir verdere navrae stuur ʻn e-pos aan mev. Hannetjie Rossouw (hrossouw@tygies.co.za).

